HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK

KLOOFSTRAAT 129, KAAPSTAD

VOLUME 1
UITGAWE 2

22 JANUARIE 2010

# Jannewa

IN HIERDI


- SKAAK
- BRAAI
- GVS
- ATLETIEK
- KULTUUR
- MY SCHOOL
- HANDBOEKE
- SWEMBAD
- TENNIS
- KRIEKET
- SWEM


## MOEDSKEPBRAAI

Die skool beleef tans 'n buitengewone gees van entoesiasme, onge-kende betrokkenheid en uitbundige vreugde van ewige jeug. Hierdie gees onder die leerlinge en perso-neel is hoogs aansteeklik en voer die skool na ongekende hoogtes en standaarde. Daarom waarsku ek ouers reeds 'n week vooruit dat hierdie gees u sal dwing na die Moedskep-graadbraai. Nadat die drie skepe (Drommedaris, Reiger en Goede Hoop) Vrydag, 29 Januarie 2010, heeldag sake uitgespook het op die atletiekbaan, sluit ons af met 'n ontspanne Stigtersdagprogram propvol vermaak en natuurlik die Moedskep-graadbraai. Hou asseblief volgende week se kennisgewings dop en maak seker dat u uself volgende Vrydag met oorgawe oorgee aan die moedskep wat u so broodnodig het vir die hele lange 2010. Sien u daar!

## SKAAK

Dylan Lamprecht het gedurende Desember 2009 vir die WP o.16 A-skaakspan gespeel in die Nasio-nale Skaakkampioenskappe, waar hy 'n brons medalje verwerf het.

In die o.16 individuele kampioenskappe, het hy 54ste gekom wat hom in die top derde van sy ouderdomsgroep geplaas het. Dylan self was effens teleur-gesteld in hierdie nog steeds puik prestasie en daarom het hy summier vir hom 'n afrigter gekry om in 2010 nog beter te kan



## Gasvryheidstudie

Welkom aan al die nuwe leerders in die department wat "KOOK". Inligtingsbriewe is uitgedeel aan alle leerders. Dit moet asseblief so spoedig moontlik geteken en ingehandig word. Bestelvorm en betaling vir uniform en apparaat moet ook voltooi wees teen 2 Februarie. Ons skop volgende week al af met ons eerste praktiese klasse. Baie sterkte.

**Belangrike datums:**

**2 Feb:** Alle bestellings en betalings

**2 Mrt:** Gr. 12 PAT 1 (Groep A)

**4 Mrt:** Gr. 12 PAT 1 (Groep B)

Kaartjies vir hierdie besondere funksie (viergangaandete @ R100.00 per persoon) is binnekort beskikbaar.

Navrae: me. L. Olivier.

**Ons sien uit na 'n uitstekende kullinêre**

## Reëlings vir Moedskepbraai:

Daar is braaipakke wat u kan bestel teen R40 per braaipak wat ook twee slaaie insluit. Daar sal ook 'n kontantkroeg vir die ouers beskikbaar wees. U kan ook u eie vleis en drinkgoed saambring.

Dit is ons kleure-atletiek vroeër die dag en u hoef dan niks saam te bring vir die braai nie en kan alles sommer by die skool bestel.

Leerders kan die braaipakke bestel by hul registeronderwysers en het tot Maandag, 25 Januarie tyd om hul

## HET jy

- ... dat dit Vrydag, 29 Januarie 2010 ons Kleuresport is en dat u baie welkom is om dit by te woon?
- ... dat daar 'n Moedskepbraai daarna gehou word en dat ons u graag daar sal wil sien?
- ... dat braaipakke (wat twee slaaie insluit) bestel en betaal kan word op Maandag, 25 Januarie vir die Moedskepbraai?
- ... dat me. Johanna Aggenbach (boek-houdster van die skool) op Maandag, 18 Januarie verjaar het?
- ... dat Sanet van die snoepwinkel op Saterdag, 23 Januarie verjaar?

# JAN ZOE - ATLETIEK

**DONDERDAG - 28 JANUARIE:**

| | | |
|---|---|---|
| 1-2. | 14:30 | SPIESGOOI / SEUNS - o.14 & o.15 - ATLETIEKBAAN |
| 3-4 | 14:50 | SPIESGOOI / DOGTERS - o.14 & o.15 - ATLETIEKBAAN |
| 5-6. | 15:10 | SPIESGOOI / SEUNS - o.17 & o.19 - ATLETIEKBAAN |
| 7-8. | 15:30 | SPIESGOOI / DOGTERS - o.17 & o.19 - ATLETIEKBAAN |
| 9. | 14:45 | 3000 OPE DOGTERS |
| 10. | 15:15 | 3000 OPE SEUNS |

**VRYDAG – 29 JANUARIE:**

| | | |
|---|---|---|
| 11. | 08:00 | HOOGSPRING S o.14 - PUT A |
| 12. | | VERSPRING D o.14 - PUT A |
| 13. | | 3-SPRONG D o.19 - PUT B |
| 14 | | GEWIGSTOOT S o.15 |
| 15. | | DISKUS D o.17 |
| 16. | 08:00 | 1500 D o.14 |
| 17. | 08:10 | 1500 S o.14 |
| 18. | 08:15 | 1500 D o.15 |
| 19. | 08:25 | 1500 S o.15 |
| 20. | 08:30 | 1500 D o.17 |
| 21. | 08:40 | 1500 S o.17 |
| 22. | 08:45 | 1500 D o.19 |
| 23. | 08:50 | 1500 S o.19 |
| 24 | 08:45 | HOOGSPRING D o.17 - PUT A |
| 25. | | VERSPRING S o.15 - PUT A |
| 26. | | 3-SPRONG S o.17 - PUT B |
| 27. | | GEWIGSTOOT D o.14 |
| 28. | | DISKUS o.14 |
| 29. | 09:05 | 200 D o.14 |
| 30. | 09:15 | 200 S o.14 |
| 31. | 09:25 | 200 D o.15 |
| 32. | 09:35 | 200 S o.15 |
| 33. | 09:45 | 200 D o.17 |
| 34. | 09:55 | 200 S o.17 |
| 35. | 10:05 | 200 D o.19 |
| 36. | 10:15 | 200 S o.19 |
| 37. | 09:20 | HOOGSPRING S o.17 - PUT A |
| 38. | | VERSPRING D o.19 - PUT A |
| 39. | | 3-SPRONG D o.17 -PUT B |
| 40. | | GEWIGSTOOT S o.19 |
| 41. | | DISKUS S o.15 |
| 42. | 10:00 | HOOGSPRING D o.14 & D o.19 - PUT A |
| 43. | | VERSPRING S o.17 - PUT A |
| 44. | | 3-SPRONG S o.15 - PUT B |
| 45. | | GEWIGSTOOT D o.15 |
| 46. | | DISKUS S o.19 |
| 47. | 10:30 | 800 D o.14 |
| 48. | 10:35 | 800 S o.14 |
| 49. | 10:40 | 800 D o.15 |
| 50. | 10:45 | 800 S o.15 |
| 51. | 10:50 | 800 D o.17 |
| 52. | 10:55 | 800 S o.17 |
| 53. | 11:00 | 800 D o.19 |
| 54. | 11:05 | 800 S o.19 |
| 55. | 10:40 | HOOGSPRING D o.15 - PUT A |
| 56. | | VERSPRING D o.17 - PUT A |
| 57. | | 3-SPRONG S o.19 - PUT B |
| 58. | | GEWIGSTOOT S o.14 |
| 59. | | DISKUS D o.19 |
| 60. | 11:25 | HOOGSPRING S o.15 - PUT B |
| 61. | | VERSPRING S o.19 - PUT A |
| 62. | | 3-SPRONG D o.15 - PUT B |
| 63. | | GEWIGSTOOT S o.17 |
| 64/65 | | DISKUS D o.14 & D o.15 |
| 66. | 11:15 | 100 D o.14 |
| 67. | 11:25 | 100 S o.14 |
| 68. | 11:35 | 100 D o.15 |
| 69. | 11:45 | 100 S o.15 |
| 70. | 11:55 | 100 D o.17 |
| 71. | 12:05 | 100 S o.17 |
| 72. | 12:00 | HOOGSPRING S o.19 - PUT A |
| 73. | | VERSPRING D o.15 - PUT A |
| 74 | | VERSPRING S o.14 - PUT B |
| 75/76 | | GEWIGSTOOT D o.17 & D o.19 |
| 77. | | DISKUS S o.17 |
| 78. | 12:15 | 100 D o.19 |
| 79. | 12:25 | 100 S o.19 |
| 80. | 12:35 | 400 D o.14 |
| 81. | 12:45 | 400 S o.14 |
| 82. | 12:55 | 400 D o.15 |
| 83. | 13:05 | 400 S o.15 |
| 84. | 13:15 | 400 D o.17 |
| 85. | 13:25 | 400 S o.17 |
| 86. | 13:35 | 400 D o.19 |
| 87. | 13:45 | 400 S o.19 |
| 88. | 14:05 | AFLOSSE D o.14 |
| 89. | 14:10 | AFLOSSE S o.14 |
| 90. | 14:15 | AFLOSSE D o.15 |
| 91. | 14:20 | AFLOSSE S o.15 |
| 92. | 14:25 | AFLOSSE D o.17 |
| 93. | 14:30 | AFLOSSE S o.17 |
| 94. | 14:35 | AFLOSSE D o.19 |
| 95. | 14:40 | AFLOSSE S o.19 |
| 14:45 – 15:00 | | FINALE SANGNOMMERS |
| 15:15 | | OORHANDIGING VAN TOEKENNINGS |
| 15:25 | | AFSTAP NA SKOOL |

## Kultuur weekliks aan die kook!

- **Koor:** Sterkte aan ons 60 koormeisies wat vandag met hul kamp begin by die skool om 15h30. Die skool sien uit na jul eerste optrede onder leiding van me. Gravell.
- **Vaselinetjie:** Theunis Fick speel volgende week in die Suid-Oosterfees produksie- "Vaselinetjie" te siene in die Kunstekaap. Kaartjies vir die Donderdagaand-optrede om 22h00 is steeds beskikbaar via Computicket @ R60. "Break a leg" - Theunis!!
- **Toneel eenbedryf:** Oudisie-opdragte is reeds by **Mnr. JJ van Niekerk verkrygbaar vir die eenbedryf "777" en "Die Boomplanter". Oudisies begin volgende week en duur vir slegs twee weke - so maak seker dat jou tyd op die aansteekbord bespreek is.**
- **Individuele toneelspelkompetisie:** Interne oudisies vir JvR se TOP 5-inskrywings vind volgende week by Juf. Esterhuizen plaas. Oudisies behels 'n gedig van jou keuse.
- **Afrikaanse redenaars en debat:** "Staatsinstellings behoort (nie) geprivatiseer te word (nie)" is die onderwerp vir ons ATKV senior debateerders vanjaar. Word deel van hierdie debatservaring deur jou hulpbronne en kundigheid met juf. Basson en haar vereniging te deel.
- **Fotografiekunsklub:** Skryf volgende week jou naam op by juf. Janse van Rensburg indien jy vanjaar meer oor die kuns van fotografie wil leer.

### Opkomende Datums

22/1 Koorkamp
25/1 Eenbedryfoudisies begin
25/1 Stad Kaapstad Toneelkompetisie se interne oudisies begin.
25/1 Vaselinetjie te sien tydens die Suidoosterfees.

## *MY SCHOOL*-KAART

My School-kaart is gekoppel aan verskeie kleinhandelinstellings waarby ons almal daagliks iets aankoop. Om so 'n kaart aan te skaf en elke keer te gebruik, gaan u niks kos nie terwyl die skool vreeslik baie daarby kan baat. Indien ons ouers almal saamwerk om alle moontlike inkomstebronne te benut en ons leerlinge almal noulettend die fasiliteite oppas sal almal uiteindelik daarby baat. Ek dink dat elke ouer sy/haar kant moet bring deur n registrasievorm vir My School- en Makrokaarte by die skool te kry en om te registreer. Hierdie projek beskik oor die potensiaal om te ontwikkel in die grootste fonsinsamelingprojek van al ons projekte terwyl dit ons niks kos nie. Baie dankie ouers vir u samewerking. Met hierdie kenmerkende gesindheid sal ons maklik al die beperkings te bowe kom.

## HANDBOEKTEKORTE

Alhoewel die skool se boekebestelling vir 2010 reeds gedurende September 2009 geplaas is, kom vertragings steeds voor in die lewering van handboeke vanaf die uitgewers. Ons wil egter alle ouers die versekering gee dat die leerkragte van Jan van Riebeeck sal verseker dat geen leerder enige akademiese skade ly as gevolg hiervan nie. Sodra die boeke arriveer, sal leerders en ouers onmiddellik ingelig word.

Twee van graad 11 se voorgeskrewe boeke is telefonies verkeerd gekwoteer. Die korrekte pryse is: Raka - R80.00 en Die Keiser - R50.00.

Leerders wat reeds die boeke by die skool aangekoop het, kan die verskil via die boekestoor by me. Luitingh verhaal. Ek vra om verskoning vir enige ongerief wat deur my toedoen veroorsaak is.

Alle bestellings van Rekeningkunde handboeke (grade 8 - 12) sal nie later as Woensdag, 27 Januarie by die boekwinkel te koop wees nie.



## SWEMBAD GEBRUIKREËLINGS

Baie teleurgestelde ouers en oudleerlinge draai deesdae voor geslote swembadhekke om. Ons is vreeslik jammer oor die reëling, maar het egter geen ander keuse nie omdat die omringende woonstelbewoners en bergies die swembad na ure gebruik vir vele doeleindes. Bo en behalwe die vandalisme waarmee dit gepaard gaan en die verhoging in chemikalieëverbruik, is die skool wetlik verplig om die hekke te sluit. Derhalwe wil ek die reëling tref dat alle leerlinge van die skool se afrigters gebruik maak gedurende die bestemde tye wat vir swem as sportbeoefening en nie vir ontspanning bedoel is nie. Die koshuise word van hierdie reëling uitgesluit wie slegs onder toesig die swembad mag gebruik vir ontspanning. Alle ander leerlinge, oudleerlinge en ouers kan die swembad met goedkeuring en onder toesig van 'n personeellid tydens afrigtingsessies gebruik. Baie dankie vir u samewerking.

## TENNIS

Maandag, 25 Januarie: tennisoefening vir seuns om 14:15.
Dinsdag, 26 Januarie: eerste oefening vir dogters.
Woensdag is dit die Tennis-Zoe wat verlede week uitgereën het.

## KRIEKET

Krieketoefeninge begin op Maandag, 25 Januarie.

**Oefendae:**

o.15 Maandae en Woensdae

o.19 Dinsdae, Woensdae en Donderdae

Wedstryddatums sal in die volgende uitgawe verskyn. Die o.19's speel reeds hul eerste wedstryd op Saterdag, 30 Januarie.

## WP SENIOR SWEMKAMPIOENSKAPPE

Die volgende swemmers van Jan van Riebeeck het gekwalifiseer om tydens die afgelope Desembervakansie aan die WP Swemkampioenskappe deel te neem: Danie Marais, Chanté Zandberg, Jaco Steyn, Tiaan Janse van Rensburg, Daniël Louw, Nina Nicholas, Olivia de Waal, Henrico Harris en Rina van Zyl. Almal het uitstekend gevaar. Die volgende leerders het medaljes verower: Olivia de Waal (2 goud, 2 silwer, 2 brons) Danie Marais (1 goud, 2 silwer en 1 brons), Nina Nicholas (2 silwer en 3 brons), Henrico Harris (1 goud), Rina van Zyl (1 silwer) en Jaco Steyn (1 silwer).

Baie geluk aan almal. Jan van Riebeeck is voorwaar trots op julle!

## WP OOPWATER SWEMKAMPIOENSKAPPE

Op 9 en 10 Januarie is die WP Oopwaterkampioenskappe by die Ashanti Dam in die Paarl aangebied. Swemmers van Jan van Riebeeck was ook hier goed verteenwoordig deur Danie Marais, Nina Nicholas, Jaco Steyn en Chanté Zandberg. Hierdie Oopwaterspesialiste het die volgende prestasies behaal:

| | | |
|---|---|---|
| 5km Swem | Danie Marais | - Goud |
| | Nina Nicholas | - Goud |
| | Jaco Steyn | - Silwer |
| 3km Swem | Danie Marais | - Goud |
| | Nina Nicholas | - Goud |
| | Jaco Steyn | - Silwer |
| 1km Swem | Danie Marais | - Goud |
| | Nina Nicholas | - Goud |
| | Jaco Steyn | - Silwer |

Al drie die swemmers het ook gekwalifiseer om aan die SA Oopwaterkampioenskappe deel te neem. Geluk met jul uitstekende prestasies!

## WP STILWATER LEWENSREDDING-KAMPIOENSKAPPE

Op 16 en 17 Januarie het twee van ons leerders, Jaco Steyn en George Kruger, deelgeneem aan die WP Stilwater Lewensreddingkampioenskappe, gehou by Bellville Swembad en Phisantekraaldam. Tydens die kampioenskappe het Jaco 4 goue medaljes in verskillende dissiplines verower.

Jaco is ook deur S A Lewensredding uitgenooi om op Saterdag aan die "Hansgrohe Masters of the Sea" Lewensreddingskampioenskappe te Kampsbaai deel te neem as deel van 'n inisiatief om die top o.14 Seelewensredders aan senior kompetisie bloot te stel. Baie geluk Jaco.

## WP TWEEKAMP

Ons tweekampatlete is besig om vir hulself naam te maak en is tans die voorlopers in die skoleliga. Op Saterdag 6 Februarie word daar 'n Interprovinsiale Kompetisie op Oudshoorn aangebied en die volgende tweekampatlete is gekies om die WP-spanne te verteenwoordig:

| | | |
|---|---|---|
| A-span: | Albert Griessel | Seuns o.15 |
| | Daniel Louw | Seuns o.17 |
| | André Steyn | Seuns o.19 |
| | Chanté Zandberg | Dogters o.17 |
| | Rina van Zyl | Dogters o.17 |
| B-span: | Jaco Steyn | Seuns o.15 |
| | George Kruger | Seuns o.17 |
| | Theo Potgieter | Seuns o.17 |
| | Zahn van Wyngaard | Seuns o.19 |
| | Daniella Marais | Dogters o.15 |
| | Marneli Marais | Dogters o.15 |
| | Nicola Hurter | Dogters o.17 |
| | Martenique Hurter | Dogters o.17 |

## JAN ZOE INTERHUIS SWEMGALA

Baie geluk Jan van Riebeeck-swemmers en die drie skepe wat aan 'n baie suksesvolle Jan Zoe-gala deelgeneem het!

Spesiale vermelding aan Goede Hoop wat met vlieënde vaandels die gala gewen het.

Ons afdelingsse beste swemmers is:

| Seuns | Meisies |
|---|---|
| O.14 Henrico Harris | Olivia de Waal |
| O.16 Daniël Louw | Rina van Zyl |
| O.19 Danie Marais | Nina Nicholas |

Baie geluk aan die bogenoemde swemmers! Hul het uitstekend gevaar. Baie dankie aan al ons ouers wat toeskouers was. Volgende Donderdag het ons 'n tuisgala om 15:30 - 16:30.

DROMMEDARIS: Met moed en durf het Drommedaris die eerste Jan Zoe-gala aangepak. Hul het gemengde suksesse behaal, maar het tog met 'n algehele tweede plek weggestap. Daar lê nog baie werk voor, maar hulle sien definitief in die toekoms kans vir hul opponente. Die Jan Zoe-atletiek lewer dalk heeltemal ander uitslae!